

Quo Vadis

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK VAN S.A.

NR 128

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad



DIE HEILIGE GEES AAN DIE WERK

DOOP MET DIE HEILIGE GEES !!!

"Kom . . . Sien ... en Belewe! Siekes word genees . . .

Mense praat in vreemde tale . . .

en word gedoop met die Heilige Gees . . ."

Ek is seker dat u ook al 'n soortgelyke advertensie gesien het . . Dit het in die dagblad verskyn — of u sien dit op 'n plakkaat langs die straat . . .

Soms word nog darem ook verwys na een of ander boodskap of boodskapper.. Die nadruk lê egter op die *sien* en *belewe* — die ervaring van God in die doop met die Heilige Gees, die talewonder en die wonderbare genesing van siekes . . .

DEMONSTRASIE

Ons leef in 'n dinamiese eeu . . Die byna almagtige mens doen dinge . . Hy gee aan die bewoners van die aarde sensasie en wondere en hy doen dinge wat mense laat ondervind dat daar werklik iets plaasvind. . Demonstrasies is absoluut wonderlik, byna onwerklik.

Die mensdom is moeg vir 'n "daadlose" Christendom. . Hulle is sat vir 'n veraf en swyende God. God moet binne die ervaring betrek en beleef word aan eie liggaam — (en siel? Miskien — wie weet?) God moet Homself demonstreer.

Daarom skuif die nadruk weg van die Woord af na die ervaring — sien en belewe. En wil jy die massas bereik in die wêreld kom dan met iets wat gesien en ondervind word. Maak jou godsdienst 'n belewenis, 'n demonstrasie. Klap in die hande en werk die gevoel op tot breekpunt en laat mense uitbreek in vreemde tale en laat siekes opstaan en loop. Sien en belewe is glo. Hoe groter die "show", hoe meer stroom die mense toe.



Jesus Christus - stom voor sy skeerders

Op die agtergrond sien ek Jesus Christus, die Man van Smarte. "Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie . . ." (Jes. 42:2). "Hy is stom voor die skeerders — Soos 'n lam na die slagplek gelei". (Jes. 53)

„Terwyl Jesus vir die viering van die paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot *geloof in Hom gekom* toe hulle die *wondertekens* sien wat Hy doen. *Maar Hy het nie sy vertrouwe in hulle gestel nie*, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is." (Joh. 2:23-25).

Wondergeloof

Jesus kyk die mense aan. . . Die mense wat agter tekens aanloop . . . Baie mense het tot geloof in Hom gekom ... In werklikheid was dit maar net 'n geloof in die tekens wat Hy doen . . . Toe Hy later die Evangelie verkondig - die Woord dat Hyself die brood is wat uit die hemel neerdaal toe gaan die mense weg . . . Hulle sê toe: „Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?" (Joh. 6:60). . . En hulle verlaat Hom in groot getalle . . .

En wie bly by Hom? Hulle wat glo in sy Evangelie. Luister: „Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die Ewige Lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." (Joh. 6:68,69).



HERE, RED !

'n Wondergeloof is maar 'n wisselvallige besigheid.. Die wondergloërs in die tyd van Jesus het later geskreeu: "Weg met Horn! Kruisig, kruisig Hom!"

En wat van Judas Iskariot? Hy het baie wonders gesien en moontlik selfs wondere gedoen. Hy was een van die twaalf dissipels wat Jesus uitgestuur het, van wie ons lees: "En hulle het uitgegaan en oral die evangelie verkondig en siekes gesond gemaak." (Luk.9:6). En tog sê Jesus van dieselfde Judas Iskariot: "Een van julle is 'n duiwel." (Joh. 6:70).



DRA VRUGTE WAT BY
DIE BEKERING PAS

Valse profete

Slaan ook maar ag op Jesus se eie woorde: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk." (Matt. 7:21-23). In bepaalde kringe word die doop met die Heilige Gees en gepaardgaande tekens deesdae geadverteer soos negosieware .. 'n Mens kan jouself blootstel aan die toorn van die Here deur te speel met die heilige dinge . . . Pasop! Dit is juis 'n teken van die eindtyd: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." (Matt. 24:24).

DAT MENSE UITBREEK IN VREEMDE TALE EN DAT HULLE WONDERGENESINGS DOEN, IN SOVER DIT GEKONTROLEER KAN WORD, SÊ OP SIGSELF NOG NIKS NIE. DIT HOEF GEEN TEKEN TE WEES VAN DIE WARE GELOOF IN JESUS CHRISTUS NIE.

Glo in Jesus Christus.

Die enigste bewys dat ons salig is, is die geloof in Jesus Christus: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou hele huisgesin." (Hand. 16:31). . . „Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar, uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." (Rom. 1:17). Of soos die Here Jesus vir Thomas sê: „Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het." (Joh. 20:29).



NIKS ANDERS AS JESUS CHRISTUS - DIE GEKRUISIGDE

Neem God op sy Woord. Glo in Jesus Christus soos Hy in die Skrifte verkondig word. En onthou: "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebr. 11:1).

Eerste- en Tweedeklas Christene?

Maar, sê die Pinkstergroepe, daar is twee soorte mense wat glo. . . Daar is gewone gelowiges, maar daar is ook gelowiges wat gedoop is met die Heilige Gees . . .

Die doop met die Heilige Gees is 'n tweede ondervinding — na die wedergeboorte of bekering, of nadat jy tot geloof gekom het . . . Dit is die geleentheid waarby die gelowige die Heilige Gees ontvang — of sy volheid ontvang — en kom tot die toppunt van geestelike volwassenheid. . . Om dit te bereik moet jy volhard in gebed en kom tot absolute oorgawe of gehoorsaamheid aan die Here ... En die teken dat jy gedoop is met die Heilige Gees is dan dat jy in vreemde tale praat. . By die bekering ontvang jy Christus — sê hulle — maar eers later by die ekstra-spesiale geleentheid van die doop met die Heilige Gees, ontvang jy die Heilige Gees . .

Ken die Bybel so iets as eerste- en tweedeklas Christene? Luister maar na wat Paulus van die gemeente in Korinthe se: "Want net soos die liggaam een is en bale lede het ... so ook Christus. Want *ons is almal deur een Gees gedoop* tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en *ons is almal van een Gees deurdronge*." (1 Kor. 12:12,13).

Oorgangstyd

Maar, sê die pinkstergroepe, vir die apostels was die doop met die Heilige gees tog 'n tweede ondervinding! Hulle het in Jesus geglo as die Christus, en tog se Hy aan hulle by sy hemelvaart: "Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie." (Hand. 1:5).

En toe wag hulle in Jerusalem en volhard in gebed en smeking en op die tiende dag word die Heilige Gees op hulle uitgestort. . Toe is hulle gedoop met die Heilige Gees.

Hierteenoor weet ons egter dat die apostels geleef het in 'n oorgangstyd. Hulle het in Christus geglo voordat die bedeling van die Heilige Gees aangebreek het. „ . . die Heilige Gees was daar nog nie . . ." (Joh. 7:39). Eers moes Christus, in Wie hulle waarlik geglo het, ly en sterwe en opstaan en opvaar na die hemel — dan kom die Heilige Gees . . Eintlik kom God — en daarmee ook Christus — in die Persoon van die Heilige Gees by ons bly. Ons kan nooit die Heilige Gees van God die Vader en die Seun skei nie. . Soos ons met water gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt. 28:19), so doop die Heilige Gees ons ook in God Drie-enig. Voor Pinkster het die Heilige Gees al die geloof in Jesus aan die mense gegee. „Dit is die Gees wat lewend maak . . ." (Joh. 6:63).

In hierdie oorgangstyd vertel Lukas in Handeling van meer geleenthede waar mense die Heilige Gees ontvang het. (8:9-25; 9:1-18; 10:1-48; 11:1-18; 19:1-7) (Ek kan, vanweë gebrek aan ruimte, nie by al die uitsprake in besonderhede stilstaan nie. Raadpleeg vir meer besonderhede: "Baptism in the Holy Spirit" deur J.D.G. Dunn; "A Theology of the Holy Spirit" deur F.D. Brunner en „Ek glo in die Heilige Gees" 'n uitgawe van Bybelkor.)



DIE LAM VAN GOD
WORD GEOFFER

Geskiedverhaal en beginseluitsprake

Net enkele algemene opmerkings: In Handeling word geskiedenis vertel. Dit is ook opmerklik dat wonders en tekens in die verhaal van Handeling self, al skaarser word, hoe verder die verhaal vorder . . Maar dit word ook nêrens verklaar dat alle Christene van alle tye presies op die wyse met die Heilige Gees gedoop moet word nie. Moet alle mense bv. soos Paulus (Hand. 9:1-18) eers met blindheid geslaan word en vir drie dae in duisternis wag en daarna met die Heilige Gees gedoop word?

Nee, hoe dit met alle gelowiges van alle tye moet wees, moet ons elders leer uit normatiewe uitsprake. . Die Bybel moet tog in sy verband verklaar word. Algemene - geldende uitsprake is bv.: "Dit is die Gees wat lewend maak . . . die woorde wat tot julle spreek is Gees en is lewe. . ." (Joh. 6:63). ". . . niemand kom na die Vader, behalwe deur My (Jesus) nie." (Joh. 14:6) . . "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God." (Ef. 2:8). „ . . ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseel is met die Heilige Gees . . ." (Ef. 1:12,13). „Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam . . ." (1 Kor. 12:13).

Absolute gehoorsaamheid

Wat my by die leer van die Pinkstergroepe die meeste bang maak, is die voorwaarde dat 'n mens moet kom tot absolute gehoorsaamheid om met die Heilige Gees gedoop te kan word. Dit beteken dat jy eers alles moet doen wat God beveel. Ek het self by geleentheid met skrik geluister na so 'n "getuienis": "Die Heilige Gees bewaar my van *alle* sonde." Waarlik, hier kom 'n mens nie alleen voor 'n onmoontlike eis te staan nie. . Hier betree jy die ryksgebied van die Fariseër. Hier kom die eiegeregtige aan die woord — hy dra goeie werke aan as verdienste. . Die enigste mens wat kon verklaar: "Wie van julle oortuig My van sonde?"

was Jesus Christus. . Daarom is Hy ook die enigste mens van wie gesê kan word: "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik . . ." (Kol. 2:9). . En alleen omdat ons in Hom glo — en nie omdat ons enigiets verdien nie — kan Paulus daaraan toevoeg: ". . en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is." (Kol. 2:10).

'n Wolf in skaapklere lyk soos 'n skaap — selfs soos 'n stamboekskaap. . Hy moet noodwendig dinge byvoeg om selfs meer as 'n normale skaap na 'n skaap te lyk.
PLUS !!!

Daarom is dit nie meer: "*Deur die geloof alleen*" nie. . Of: "*Deur Christus alleen*" nie. . Of: "*Deur die Woord alleen*" nie . . .

Maar dit is: "*Geloof plus volkome gehoorsaamheid. .*"
Christus plus die doop in die Heilige Gees as 'n ekstra spesiale gebeurtenis . . .

(Natuurlik glo ons ook in die doop met die Heilige Gees, maar dit is geen gebeurtenis los van Christus nie).

En verder is dit: *Die Woord plus die teken van spreek in vreemde tale..*
Met ander woorde vir die Pinkstergroepe is geloof nie genoegsaam nie: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; *nie uit die werke nie dat niemand mag roem nie*". (Ef. 2:8,9). So se die Bybel teenoor hulle.
Vir die Pinkstergroepe is Christus nie voldoende nie . . . "Want daar is een God en *een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.*" (1 Tim. 2:5). Dit is die antwoord van die Bybel.

En vir die Pinkstergroepe is die Heilige Skrif, die Woord van God nie voldoende nie. Daar moet tekens bykom — tekens wat met jou sintuie waargeneem kan word . "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: *As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*" (Openb. 22:18).

Eindelik wil ek nie meer praat met of van die dwaalleraars nie. Ek wil met julle praat wat die Heilige Gees bedroef — julle wat veragter in die genade . . . Julle wat Jesus Christus bely en op Hom alleen hoop, maar die lewe vertoon tog so 'n gebrek aan die vrugte van die Gees. (Gal. 5:22). Ek wil saam met Paulus vermaan: "Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul." (Ef. 5:18). Hier word gelowiges aangespreek — hulle moet vervul word met die Heilige Gees . . .

Beteken dit dat daar Christene — ware gelowiges — is wat nog nie die Heilige Gees ontvang het nie? Nee, dit beteken dat mense nie reg gebruik maak van die middele wat die Gees gebruik om sy werk op aarde mee te doen nie . . Wat is die middele?

Eerstens: Die gebed... "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom daarom bid" (Luk. 11:13).

Tweedens: Die Heilige Skrif: „En neem (op) die swaard van Gees — dit is die Woord van God . . ." (Ef. 6:17).

Derdens: Die gemeenskap van die heiliges: ". . en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim nie, soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle dié dag sien naderkom . ." (Hebr. 10:25).

Hier lê die nood van die Christelike kerk in ons tyd . . Daarom word die kerk meer en meer 'n

vrugbare weiveld vir dwaalleraars . .

Die Heilige Gees werk met die Heilige Skrif . . . En Hy gebruik mense — mense wat liefhet en bid en bely. . Hy gebruik mense wat bereid is om getuies van Jesus Christus te wees. . En is ons in die opsig medewerkers van Christus, dan is ons vervul met die Heilige Gees. Ons hoef nie te vra na tekens nie, ons moet alleen maar in dankbaarheid en nederigheid ons deur die Heilige Gees laat gebruik.

M.J. Booyens